Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapsinstituut

Verwysing: 20170622-2299
12/16/6/4
Navrae: GC de Bruyn/JC Titus

Kaapse Onderwys-en-leierskapinstituut-minuut: 0003/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Hoofde: Spesialebehoeftes-koördinering en -advies, Kringbestuurders, Vakadviseurs, Hoofde van geregistreerde graad R-sentrums, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

Onderwerp: 2017 Nasionale Onderwystoekennings

1. Die Nasionale Onderwystoekennings (NOT) erken uitnemendheid en hoë vlakke van professionalisme, en voorsien die onderwysgemeenskap van die geleentheid om die prestasies van buitengewone onderwysers te vier. Voorts plaas hulle die kollig op die uitsonderlike werk wat deur onderwysers verrig word.

2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is dus trots om die gasheer te wees en die 18de jaarlikse provinsiale toekenningseremonie aan te bied, 'n geleentheid wat die 18de jaarlikse NOT-seremonie voorafgaan.

3. 'n Elektroniese weergawe van die Inligtingsgids, wat die nominasievorms en kwalifiserende kriteria bevat, is aangeheg. Let asseblief daarop dat die gedrukte weergawes nie aan skole verskaf sal word nie. Skole word versoek om die aangehegte nominasievorms vir voltooiing uit te druk.

4. Alle onderwysers, beheerliggame en distriksamptenare word uitgenooi om nominasies, wat op die kriteria van die inligtingshandleiding gebaseer is, by hul skoolhoofde of sentrumbestuurders in te dien.

5. Verdienstelike onderwysers kan in die volgende kategorieë genomineer word:

- Uitnemendheid in graad R-onderrig
- Uitnemendheid in Laerskoolonderrig (graad 1–7)
- Uitnemendheid in Sekondêreskoolonderrig (graad 8–12)
- Uitnemendheid in Laerskoolleierskap
- Uitnemendheid in Sekondêreskoolleierskap
- Uitnemendheid in Spesialebehoeftes- en Inklusiewe Onderrig

Nuwe Nooiensfonteinweg, Kuilsrivier 7579
tel: +27 21 900 5062/5035 faks: +27 21 900 5114
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X14, Kuilsrivier, 7579
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

- Uitnemendheid in Tegnologie – Verrykte Onderrig en Leertoekenning
- Uitnemendheid in onderrig van Wiskunde (AOO)
- Uitnemendheid in onderrig van Natuurwetenskap (AOO)
- Nelson Mandela-lewensprestasietoekenning

6. Skoolhoofde en sentrumbestuurders word versoek om die voltooide nominasievorms na hul onderskeie distrikskantore vir die aandag van die distrikskoördineerders te stuur. Indien u verdere inligting verlang, kontak asseblief die toepaslike distrikskoördineerder soos hieronder gelys:

Distrik	Distrikskoördineerder(s)	Kontak-besonderhede	E-posadres
Metro-Oos	Me Genevieve Rhode	021 900 7035	Genevieve.Rhode@westerncape.gov.za
	Mnr Keith de Wet	021 900 7036	Keith.DeWet@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Me Lesley Hutchings	021 514 6945	Lesley.Hutchings@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Mnr Trevor Adams	021 938 3016	Trevor.Adams@westerncape.gov.za
	Mnr Owen Weeder	021 938 3174	Owen.Weeder@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Mnr Rowan Esau	021 370 2016	Rowan.Esau@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Mnr Alton Koenze	023 348 4673	Alton.Koenze@westerncape.gov.za
	Mnr Bertram Jacobs	021 348 0633	Bertram.Jacobs@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Mnr David Sampson	044 803 8341	David.Sampson@westerncape.gov.za
Overberg	Mnr Edward Kies	028 214 7367	Edward.Kies@westerncape.gov.za
Weskus	Mnr Avril Daniels	022 719 1809 082 639 7554	Avril.Daniels@westerncape.gov.za
Provinsiale Kantoor (KOLI)	Mnr Gavin de Bruyn	021 900 5062/37	Gavin.Debruyn@westerncape.gov.za
	Me Jacqueline Titus	021 900 5035	Jacqueline.Titus@westerncape.gov.za

7. Genomineerdes word versoek om hulself met die kriteria en proses vir beoordeling vertroud te maak.

8. U aandag word gevestig op die volgende, soos in die Inligtingsgids genoem:

Ten einde die wenners op kluster-, provinsiale en nasionale vlak te kies, sal van genomineerdes verwag word om 'n aanbieding (PowerPoint of plakkaat) te lewer oor die algemene en spesifieke kriteria deur hul werk te beklemtoon wat vir hierdie veelbegeerde toekenning oorweeg moet word. Dit sal dien as die finale onderhoud om die kluster-, provinsiale en nasionale wenners te bepaal.

9. 'n Maksimum van vyf onderwysers per kategorie kan 'n span vorm.

10. Die sluitingsdatum vir die indien van alle nominasievorms by die distrikskoördineerder is **11 Augustus 2017**.

11. Kluster- en provinsiale naaswenners en wenners sal elk Inligtings-en-kommunikasietegnologie (IKT-) -geskenkbewyse van verskillende waardes ontvang, wat by 'n betroubare IKT-diensverskaffer afgehaal kan word, d.w.s.:

Vlak	Waarde van IKT-geskenkbewys
Kluster-wenners	R4 000
Kluster-naaswenners (2de en 3rde)	R2 000
Provinsiale wenners	R12 000
Provinsiale naaswenners	R7 000

12. Skole wat wen, sal elk 'n kontanttoekenning van R5 000 (kluster) en R 7 500 (provinsiaal) per skool per finalis ontvang wat vir professionele ontwikkeling van die onderrigpersoneel ter verbetering van klaskamerpraktyk gebruik moet word.

13. Hierbenewens sal die wenners op kluster- asook provinsiale vlak in die Kategorie Uitnemendheid in onderrig van Natuurwetenskap (AOO) geborgde naweekwegbreke van CapeNature by hul oorde regoor die provinsie ontvang. Vir verdere inligting kan u die betrokke distrikskoördineerder of die Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut kontak.

14. Die Nasionale Onderwystoekennings word ondersteun deur die Hoof van Onderwys, unies, beheerliggaamverenigings en die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Onderwys.

15. Alle lede van die skoolgemeenskap word aangemoedig om deel te neem aan die nominasie van verdienstelike onderwysers vir die Nasionale Onderwystoekennings.

16. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderrigpersoneel.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-07-25